

16 Januarie

Skrifgedeelte: Levitikus 23 (OAV)

Fokusgedeelte: Levitikus 23:1-3

‘n Blye volk van die Here

Die volk van God is in wese ‘n blye volk. ‘n Volk wat graag feesvier. God se volk vier elke week fees. As ons egter mooi lees in vers 2 van ons Skrifgedeelte sien ons dat dit geen mensgemaakte feesdae is wat hier voorgeskryf word nie, maar God se feeste! Wat eintlik hier staan is: God vier fees, God is bly!

Die feeste van God is “heilige samekomste”. En dit beteken nie net dat die mense bymekaarkom om fees te vier nie, nee God kom deur sy Woord en Gees om saam met sy mense bly te wees.

Die belangrikste fees is die weeklikse Sabbat of Rusdag. Die volk Israel moes aan twee dinge dink by daardie fees: In die eerste plek aan die verlossing uit die slawerny van Egipte en in die tweede plek aan die voltooiing van die skepping.

Ons Christene vier op die eerste dag van die week daardie fees van bevryding en van nuwe lewe, omdat dit op daardie dag duidelik geword het dat Christus ons bevry het van sonde en dood. Daarom is die eerste dag van die week vir ons ook die belangrikste van alle feeste van die Here. Die ander feeste wat God voorskryf vir Israel is eintlik maar net die versiering van daardie groot fees van die Sabbat: Paasfees, Pinsterfees, Loofhutte-fees en die Groot Versoendag. Ook hulle word Sabbatte, blye dae van rus. Maar die weeklikse Sabbat bly die grootste. Kom, ons sien mekaar Sondag in die kerk!

Sing: Psalm 81:1,3

Ds LH Stavast (Emeritus)